# Kwartaal 3 Bykomende toets

## Vraag 1

1.1 Vier opsies word as antwoorde verskaf in elk van die volgende vier vrae. Kies die antwoord en skryf net die letter (A□D) langs die nommer van die vraag op jou antwoordstel neer.

1.1.1 Kies die instandhoudingsverantwoordelikheid van ŉ deeltitelhouer.
A Vervang die gloeilampe by die ingangshek van die kompleks
B Sny en maak die gras rondom die swembad nat
C Herstel die druppende kraan in die kombuis en vervang die gebreekte ruit.
D Herstel die trappe na die swembad en vervang die gloeilampe. (1)

1.1.2 Staatsbehuisingsubsidies beteken:
A bydraes tot die behuisingskema van die pensioenskema
B regsadvies aan lae inkomstegroepe.
C die opsie om in ŉ maatskappyhuis te woon teen ŉ laer huur
D hulp aan werknemers om die maandelikse paaiemente te betaal (1)

1.1.3 In die eerste paar jaar sal die meeste van die verbandbetalings gaan vir die …
A rente op jou huisverband
B instandhouding van jou huis
C oordragkoste
D eiendomsbelasting (1)

1.1.4 Finansiële verantwoordelikheid wanneer ŉ huis gebou word
A Lê die planne voor aan die NHBRC vir assessering
B Vra kwotasies aan van verskeie bouers
C Doen gehaltebeheer van elke stap van die bouproses
D Gebruik die bou-inspekteurs by die bank. (1)

1.1.5 Watter van die volgende is ŉ voorbeeld van niemenslike energieverbruik?
A Dubbelbaliewasmasjiene is goedkoper en bespaar jou geld
B Stofsuiers met silinder is baie veilig om te gebruik
C Regop stofsuiers wen hulle koorde outomaties op
D Dit is maklik om die filters van ŉ dubbelbaliewasmasjien te vervang (1)

1.1.6 Mev. Naidoo het die reg tot veiligheid. Identifiseer mev. Naidoo se verantwoordelikhede wat haar veiligheid sal verseker wanneer sy haar nuwe skottelgoedwasser gebruik
A Plaas die vuilste skottelgoed in die laagste laai
B Moenie die voorwasprogram gebruik nie
C Stel die alarm om die einde van die program aan te dui
D Lees en volg die instruksies (1)

1.1.7 ŉ Verbruiker wat ŉ kontrak buite ŉ sakeperseel geteken het, word 7 dae gegun om die kontrak te kanselleer. Dit word ŉ … genoem

A uitsluitingsklousule
B afkoelperiode
C waarborg
D geldterug-waarborg (1)

1.1.8 Die volgende verkoops- en beleggingskema is onwettig in Suid-Afrika:

A parallelle invoere
B Stokvel
C Piramide-skema
D Grysgoedere (1)

1.1.9 ŉ Kontrak wat sê dat ŉ persoon nie hulle eiendom aan ŉ ander persoon mag onderverhuur nie, is ŉ …..

A onwettige uitsluitingsklousule
B wettige uitsluitingsklousule
C onregverdige sakepraktyk
D onwettige kontrak (1)

1.1.10 ŉ Kontrak wat werkure, vergoeding, siekteverlof en reëls en regulasies bepaal, word ŉ ... kontrak genoem.

A werk
B diens
C besigheid
D huur (1)

1.1.11 ... rente is wanneer rente bereken word op die hoofskuldbedrag plus enige rente wat uitstaande is.

A samegestelde
B enkelvoudige
C lopende
D jaarlikse

(1)
**[11]**

### Vraag 2 Die verbruiker

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg.

*Jessie is 'n werk aangebied as kelnerin in 'n plaaslike restaurant. Sy sal 5 skofte van 7 ure elk per week werk. Sy is R1 000 aangebied as basiese salaris en sy is gesê om op fooitjies staat te maak om haar geld te verdien. Die eienaar van die restaurant het nie dienskontrakte nie en sê dit is nie 'n vereiste nie. Nadat sy 'n week gewerk het, het 'n klant gemeld dat haar kredietkaart gekopieer en onwettig gebruik is. Jessie en twee ander nuwe kelners is onmiddellik afgedank.*

2.1 Definieer 'n dienskontrak. (3)
2.2 Bespreek die vereistes van 'n dienskontrak. (6)
2.3.1 Dink jy Jessie moes die betrekking aanvaar het? (1)
2.3.2 Gee redes vir jou antwoord in 2.3.1. (4)
2.4 Verduidelik hoekom die probleem met die kredietkaart 'n swendelary was. (3)
2.5 Identifiseer twee tipes inkomstebelasting wat werknemers betaal en gee 'n kort beskrywing van elk. (2 × 3)

**[23]**

### Vraag 3 Behuising

3.1 Wie teken die aanbod om te koop? (2)
3.2 Wie sal die oordragfooie ontvang? (1)
3.3 Wie sal okkupasiehuur ontvang? (1)
3.4.1 Hoekom is rentekoerse 'n probleem vir huiskopers? (2)
3.4.2 Gee TWEE redes hoekom huiseienaars 'n beter kans het om oor die lang termyn te spaar as hulle bykomende fondse in hulle huislening deponeer. (4)
3.5 Verduidelik hoekom dit vir die bank nodig is om kredietondersoeke te doen en die eiendom te evalueer wanneer jy vir 'n verband aansoek doen. (4)
3.6 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

*Mnr. McDonald, sy vrou en twee peuters het in 'n huis ingetrek met matte in elke vertrek. Hulle wil 'n stofsuier met 'n SABS energie-etiket en HEPA-filters koop. Mev. McDonald het uit haar werk bedank om die peuters op te pas en om self die huiswerk te doen. Hulle maak dus staat op mnr. McDonald se inkomste. Mnr. McDonald het brosjures van verkillende winkels versamel en inligting ingesamel oor die ekstra koste en waarborge ingewin.*

3.6.1 Hoekom wil hulle produkte met 'n SABS energie-etiket koop? (2)
3.6.2 Verduidelik hoekom hulle 'n stofsuier met HEPA-filters nodig het? (2)
3.6.3 Watter TWEE goed het hulle in gedagte gehou voor hulle 'n stofsuier gekoop het? (2)
3.6.4 Verduidelik hoekom hulle niemenslike energieverbruik in berekening moet bring wanneer hulle 'n stofsuier kies. (6)

**[26]**

**Groottotaal: 60 punte**

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2013

# Kwartaal 3 Bykomende toetsmemorandum

## Vraag 1 Kort vrae

1.1.1 C✓
1.1.2 D✓
1.1.3 A✓
1.1.4 B✓
1.1.5 A ✓
1.1.6 D✓
1.1.7 B ✓
1.1.8 C✓
1.1.9 B✓
1.1.10 B✓
1.1.11 A✓ (11)

## Vraag 2: Die verbruiker

2.1 ŉ Dienskontrak is ŉ geskrewe ooreenkoms ✓ tussen ŉ werkgewer wat aanbied om ŉ spesifieke bedrag geld te betaal ✓ en die werknemer wat onderneem om ŉ spesifieke taak in ruil te verrig. ✓ (3)

2.2 ŉ Dienskontrak moet op skrif wees, ✓ beide partye ✓moet vryelik saamstem oor die bepalings en voorwaardes ✓, daar moet ŉ aanbod en aanvaarding wees, ✓ die werk moet wettig wees ✓, beide partye moet regsbevoeg wees. ✓ (6)

2.3 Gebruik diskresie met die leerders se antwoorde. Daar word van hulle verwag om hulle standpunt te gee, ja of nee. Hulle sal egter slegs punte ontvang indien hulle hul standpunt ondersteun met geldige, logiese redes wat toepaslik is op die situasie. Voorbeeldantwoord:

2.3.1 Nee, ek dink nie Jessie moes die betrekking aanvaar het nie. ✓ (1)

2.3.2 Sonder ŉ dienskontrak is daar geen bewys van die diensooreenkoms, bepalings en voorwaardes nie. ✓ Sy het geen bewys ✓ om haar te ondersteun indien sy haar afdanking wil teenstaan nie. ✓ Die bepalings en voorwaardes van die indiensneming was nie redelik nie. ✓ (4)

2.4 ŉ Swendelskema is ŉ oneerlike skema✓. Die probleem met die kredietkaart was ŉ swendelary omdat geld van ŉ persoon geneem is sonder toestemming. ✓ Die kaart is onwettig gekopieer✓ ten einde kontant uit die klant se rekening te onttrek. ✓ (3)

2.5 LBS (Lopende betaalstelsel) ✓is wanneer een twaalfde van die beraamde inkomstebelasting vir die jaar ✓ afgetrek word van werknemers se salaris✓ voordat hulle elke maand betaal word. Voorlopige belasting is wanneer die belastingbetaler elke ses maande ✓ die helfte van die beraamde inkomstebelasting vir die jaar betaal. ✓ Die bedrag word gegrond op die vorige jaar se inkomste en die huidige inkomste tot datum van betaling. ✓ (2 × 3)

## Vraag 3 Behuising

3.1 Verkoper✓ en koper✓ (2)

3.2 Die prokureur wat toesig hou oor die oordragproses ✓ (1)

3.3 Verkoper✓ (1)

3.4.1 Rentekoerse verhoog die prys van die huis ✓

- Die eerste paar jaar betaal hulle slegs die rente terug en nie die huisverband nie.
- Sommige huiskopers verstaan nie rentekoerse nie of weet nie wat die invloed daarvan is op die totale bedrag wat jy vir die huis betaal nie✓
- Rentekoerse kan wissel en dit beteken dat die maandelikse terugbetalings wissel✓ (enige 2)

3.4.2 Die eerste paar jaar betaal jy die rente op jou huisverband af, ✓wat beteken dat indien jy bykomende bedrae terugbetaal, jy ekstra geld teenoor die rente afbetaal✓ wat beteken dat jy jou huisverband vinniger begin afbetaal ✓ en die rente op jou huislening sal verminder.✓ Jy kan baie geld spaar wat gebruik kan word vir instandhouding en opgradering van die eiendom✓ (enige 4)

3.5 Die bank moet weet of jy in staat is om die lening te kan terugbetaal ✓

Die bank leen 'n groot bedrag oor 'n lang termyn uit ✓en moet weet dat jy nie meer as 25% van jou inkomste ✓aan die huisverband betaal nie, anders sal jy nie genoeg geld hê om 'n bestaan te kan maak nie en uiteindelik die huisverband verloor ✓

Die bank moet weet dat die eiendom die bedrag waarvoor jy aansoek doen werd is ✓anders leen jy 'n groot bedrag geld en koop 'n klein huis en bestee die res van die geld aan ander dinge ✓ (enige 4)

3.6.1 Die SABS se energie-etiket stel 'n standaard vir toestelle, ✓ die etikette fokus op die energiedoeltreffendheid van die toestelle; ✓ die etiket sal hulle help om beter keuses te maak ✓ (enige 2)

3.6.2 Die HEPA-filter veroorsaak optimum terughouding van stof, wat minder energie gebruik ✓

Die HEPA-filters maak dit hipo-allergenies ✓

Die HEPA-filters laat skoon lug terug in die kamer in ✓ (enige 2)

3.6.3 Hulle het by verskeie winkels brosjures gekry ✓

Hulle het seker gemaak die winkel het 'n goeie reputasie ✓

Hulle het inligting oor die ekstra koste/ administrasiekoste/ waarborg ✓ versamel. (enige 2)

3.6.4 Niemenslik verwys na goed soos geld, tyd en elektrisiteit. ✓

Hulle moet geld en elektrisiteit bespaar✓ want hulle het net een inkomste ✓

Omdat Mev. McDonald die peuters oppas en die huiswerk doen✓ sal hulle na stofsuiers kyk wat maklik is om te gebruik✓ tyd bespaar✓ en gerieflik is ✓

Hulle moet toebehore kies wat maklik in stand gehou kan word en dienste moet toeganklik wees. ✓ (6)

[26]

**Groottotaal: 60 punte**